

## 13 Februarie - BOSE

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:16**

**G**elowiges moet nie naïef wees oor die dodelike aanvalle wat die Bose (die duiwel en sy magte) op ons rig nie. Openbaring 12 en 1 Petrus 5 leer nie verniet dat die Bose soos 'n woedende leeu op aarde rondloop om ons dood te maak nie. Hy is gevaarlik en slu. Hy gebruik my eie sondige natuur en begeertes teen my. Hy rig die versoekinge van die sondige wêreld soos vuurpyle wat op my neerreën en hy loods die pyn en leed van beproewing soos 'n aanval van agter af teen my. Teen hierdie aanvalle kan ons nie uit eie krag staande bly nie. Daarom roep die Here ons in vers 10 op om ons krag vir die stryd by Hom en in sy almag te kom soek en te vind. Hy gee vir ons 'n volledige en kragtige wapenrusting waarmee ons in die stryd teen die Bose kan staande bly. Christus het die Bose oorwin en Hy het die wapenrusting waarmee ons saam met Hom kan oorwin. Een van die kragtigste wapens wat die Bose in sy aanval op ons gebruik, is vrees. Vrees waarmee hy ons wil losruk van God en ons in ons swakheid wil oorweldig. Vir die soldaat in die Bybelse tyd was brandpyle een van die mees gevreesde wapens van die vyand. Dit is 'n vreesaanjaende gesig as 'n salvo van brandende pyle op jou afgeskiet word, en die verwoesting, besering en dood wat dit bring, was verskriklik. Die soldaat se enigste verdediging teen hierdie brandpyle was sy skild. Net so skrikwekkend is die vrees wat die Bose my aandoen met versoekinge wat my lewe kan verwoes of beproewinge wat soos 'n vuur in my brand, met die vrees dat God nie in staat is om my te red of te help nie. Daarom gee die Here vir ons die skild van geloof – in besonder: geloofsvertroue – om hierdie aanvalle van die Bose af te weer! Vertroue om te weet dat die Here my nooit in die steek sal laat nie, dat dit niks my ooit uit sy hand kan ruk nie! Vertroue in die Here om te weet dat Hy selfs in die grootste beproewing altyd by my sal bly om my deur dit te dra. Vertroue om te weet dat al verstaan ek nie wat gebeur nie, God steeds sy plan vir my lewe ten goede deurvoer. Vertroue op God, omdat Jesus Christus reeds die Bose oorwin het, is die gelowige se antwoord op vrees.

Ervaar jy vrees? Vrees vir moeilike omstandighede, vrees vir die beproewing op jou pad, vrees vir die seerkry in versoeking? Gaan in die geloof na die Here en kry weer jou skild van vertroue by Hom, Hy sal jou vrees verander in vertroue! Hou dan daardie skild van jou geloof hoog as die brandpyle van die Bose op jou neerreën.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)*